higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BOUADMINISTRASIE N5

(4090045)

02 Desember 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

313Q1E2202

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: MEGANIESE TOERUSTING WAT VIR BOUWERK VEREIS WORD

Kies die soort gereedskap in KOLOM B wat pas by 'n gebruik in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die vraagnommer (1.1–1.9) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Skuur of slyp alle soorte materiaal	A	stampers
1.2	Gebruik vir groefwerk en lyswerk	B	beplanners en sponnings
1.3	Kompakteer vaste grond	C	hamers
1.4	Toegerus met dubbellem-, hoëspoed draaisnyer ('rotary cutters')	D	draaibore ('rotary drills')
1.5	Maak houtoppervlakke glad	E	slypers ('grinders')
1.6	Maak gate in steenwerk	F	verdiepers ('routers')
1.7	Maak hegtings aan steenwerk, beton en metaal deur middel van staalpenne	G	kragvlotters ('power floats')
1.8	Vir troffelwerk oor groot oppervlakke	H	skuurmasjiene
1.9	Boor gate in allerhande soorte materiaal	I	koeëlhamers ('cartridge hammers')

(9 × 1) **[9]**

VRAAG 2: VORDERINGSGRAFIEKE EN SKEDULES

2.1 Gedurende voortenderbeplanning word alle relevante inligting stelselmatig voorberei, tydens *tenderwaardasie* ('tender appreciation').

Noem al die items wat tydens die tenderwaardasiefase ingesluit moet word. (9)

2.2 Noem die TWEE stadia van voortenderbeplanning wat begin wanneer die tenderwaardasiestadium afgehandel is. (2 × 2) (4)

[13]

VRAAG 3: SUBKONTRAKTEURS

Noem die SEWE reëls en voorsorgmaatreëls wat betrekking het op die installering van dreineringswerke en al die koppelings. **[7]**

VRAAG 4: MATERIAAL

Gee die belangrikste pligte van die volgende departemente in die boubedryf:

4.1 Aankopedepartement (5)

4.2 Voorraad ('Stores') (4)
[9]

VRAAG 5: OORHANDIGING VAN AFGEHANDELDE WERK

5.1 *LAAT IN PERFEKTE TOESTAND.* Bogenoemde klousule is in die spesifikasies onder die opskrif *Algemene voorwaardes van kontrak*, en dit hou verband met toerusting en materiaal.

Wat staan in hierdie klousule? (5)

5.2 Verduidelik die volgende terme kortliks:

5.2.1 'n Kontrak

5.2.2 'n Dokument

5.2.3 'n Kontrakdokument

(3 × 1) (3)
[8]

VRAAG 6: ADMINISTRASIE EN PERSONEEL

6.1 Noem die VIER belangrike oorwegings tydens beplanning en voorbereiding. (4)

6.2 Verduideling die term *delegasie*. (2)

6.3 Gee VYF faktore wat in ag geneem moet word omtrent die omvang ('scope') wanneer werk gedelegeer word. (5)
[11]

VRAAG 7: KONTRAKDOKUMENTE

Noem en beskryf die verskillende soorte kontrakdokumente wat op die boubedryf van toepassing is. (7 × 2) **[14]**

VRAAG 8: MASSAKARWEIPROGRAM

'n Saktoets ('slump test') word gebruik om die werkbaarheid van beton te bereken.

Bespreek die prosedure om 'n sakking ('slump') vir beton te bereken. **[11]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: WYSIGINGS, WEGLATINGS, EN EKSTRAS

Verduidelik die volgende terme kortliks:

9.1 Dagwerke

9.2 Weglating

9.3 Wysiging

9.4 Ekstras

9.5 Wysigingsbevel

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 10: TERREINVERGADERINGS

Gee redes waarom dit nodig is om terreinvergaderings gedurende die bouprojek te hou. (4 × 2) **[8]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou